Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 11 Sept. 1946. No. 42.

# V.S.A. Pleit Vir Duitse Herstel

## Sowjet Gewaarsku

**Amerika het by monde van sy minister van buitelandse sake, James Byrnes, verlede week in Stuttgart, Duitsland, op ondubbelsinnige wyse te kenne gegee dat hy hom nie gaan terugtrek van die Europese toneel nie.**

**Byrnes het gesê dat die Amerikaanse volk nie weer in die toekoms sal stilsit en hoop op vrede as enige volk sou probeer om 'n ander met mag te oorheers nie. Hierdie woorde van Byrnes word vertolk as 'n waarskuwing aan die adres van Moskou.**

Met betrekking tot Duitsland het Byrnes gesê dat Amerika hom sal verset teen krasse vergeldingsmaatreëls wat tot skending van die vrede aanleiding kan gee. **Dit is nie in belang van Duitsland of die wêreldvrede dat Duitsland 'n pion of vennoot word in die militêre stryd tussen die Ooste en Weste nie.** Duitsland moet op ekonomiese gebied in staat gestel word om die gemiddelde lewenspeil van Europa te handhaaf. **Die Verenigde State, het hy gesê, is nie bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir die eindelose ekonomiese verslegting wat veroorsaak word deurdat die Geallieerde Beheerraad nie ooreen kan kom om Duitsland 'n kans te gee om sy ekonomiese vraagstukke op te los nie.**

Sover dit baie lewensbelangrike vraagstukke betref is die Geallieerde beheerrade nie by magte om Duitsland te regeer nie en hy laat Duitsland ook nie toe om homself te regeer nie.

'n Gemeenskaplike finansiële beleid is noodsaaklik om Duitsland ekonomies selfversorgend te maak.

Byrnes se pleidooi vir 'n verenigde Duitsland op ekonomiese gebied het by die Duitse volk die verwagtings laat posvat dat Amerika by 'n vredesreëling stelling sal neem teen die anneksasie van Duitse gebied deur Pole.

# Suid-Afrika Bakermat Vir Judaïsme

**Dit is nie onmoontlik dat die Jode Suid-Afrika gaan kies as middel tot bestendiging en hervorming van die Joodse lewenswyse nie. Suid-Afrika moet dan die middelpunt van Judaïsme word. Hierdie mening is uitgespreek deur die Joodse historikus, dr. C. Roth, professor aan die Universiteit van Oxford by geleentheid van 'n vergadering in die Sioniste-saal, Kaapstad.**

„Moenie dink dat ons nie 'n Joodse bevolking het wat die sentrum van die Joodse leefwyse kan vorm nie," het hy gesê. „Daar is tans meer Jode in Suid-Afrika as wat daar gedurende die Middeleeue in Frankryk was, toe dit die middelpunt van Judaïsme geword het. Indien julle dit verlang, kan julle hier 'n Joodse leefwyse opbou wat net so vooruitstrewend sal wees soos enige wat nog ooit in Europa tot stand gebring is," aldus prof. Roth, volgens 'n verslag in die Cape Times.

**Hy het verder daarop gewys dat Judaïsme in Sentraal en Oos-Europa uitgewis is. Judaïsme kan ook nie meer bloei in Amerika of in Rusland nie. In Suid-Afrika is die derde belangrikste Jodegroep in die wêreld. Dit is een van die weinige oorblywende Joodse steunpunte in die wêreld."**

In 'n onderhoud met die Cape Argus het dr. Roth verklaar dat sy stellings miskien misleidend was. Hy het nie bedoel dat 'n Joodse „front" in Suid-Afrika gestig moet word nie. Die Jode in Suid-Afrika het baie finansiële bydrae gelewer om die Jodedom as 'n geheel te help, maar hulle het nog niks gedoen om die kulturele lewe van die Jode te bevorder nie. Hy is die mening toegedaan dat die Jode in Suid-Afrika nou 'n bydrae in hierdie rigting moet lewer.

**SAL DUITSE HANDEL HERLEEF?** —Amerikaanse sakemanne is tans besig met planne vir 'n uit- en invoerhandelsooreenkoms tussen Duitsland en Amerika. Die Amerikaanse ekonomiese direkteur, W. E. Draper, het verklaar dat Duitsland of goedere vir uitvoer moet vervaardig, of 'n las op die skouers van Amerika bly, of van honger sterf. „As die wêreld vir 'n lang tydperk geen Duitse goed wil koop nie, sal Duitsland honger ly of 'n etterende sweer op die aangesig van Europa word," het hy gesê.

# BEVERIDGE VEROORDEEL BRITSE WRAAKBELEID

## Dokters in Tronke

**Die ontsettende toestande waaronder die Duitse volk in die Brits-besette deel van Duitsland leef, die wraakbeleid van die Britse besettingsowerheid, die gebrek aan belangstelling sowel as pogings om die toestande te verbeter en die skynbaar doelbewuste poging van die Britse regering om gesondheidsdienste in Duitsland te verhinder, word deur lord Beveridge, wat die Britse besettingsgebied onlangs besoek het, in die Londense Times genoem. Hy versoek dat daar afgesien moet word van die wraakbeleid en dat pogings aangewend word om die toestand te verlig.**

Lord Beveridge verklaar dat die toestande waaronder die Duitse volk in al die bomverwoeste dorpe wat hy besoek het, leef, ontsettend is. **Vyftien maande na die Duitse oorgawe is daar haas geen verbeterings merkbaar en bestaan daar geen hoop dat die mense nie van stadige verhongering sal omkom nie.** Die nywerhede is nog nie aan die gang nie en daar is 'n gebrek aan steenkool. Die Britse owerheid, so verklaar lord Beveridge, wend ook geen poging aan om hierdie nywerhede weer aan die gang te kry nie. **Dit kom hom voor asof hulle meer geneig is om die reeds verwoeste industrieë nog meer te verwoes.**

Hoewel die Potsdam-ooreenkoms vereis dat alle fabrieke met oorlogspotensialiteite vernietig moet word, verklaar hy dat hierdie beleidsneerlegging hersien moet word.

### VERARMINGSBELEID

Daar heers 'n geweldige tekort aan masjinerie en materiaal in hierdie gebied van Duitsland. Dit veroorsaak 'n krisis wat nie oorkom kan word indien die beleid nie verander word nie. Dit is onwenslik om 'n verarmingsbeleid te bly handhaaf.

Hierdie wraakbeleid tref nie alleen die jeug swaar nie, maar dit beroof die bevolking van sy arbeidsvermoë.

**'n Britse gesondheidsbeampte met wie lord Beveridge gesels het, het hom meegedeel dat feitlik al die beste dokters en mediese spesialiteite in die tronke verkeer of werkloos gehou word. Die oogartse in Hamburg word nie toegelaat om te praktiseer en die mense van hul blindheid te genees nie.**

„Die beleid wat by Potsdam aanvaar is, is alleen geskik vir 'n totalitêre staat," het Beveridge verklaar. Die beskouings wat hiervolgens gehuldig word, is geen demokratiese beskouing nie. Hoe gouer ons met totalitarisme in hierdie sowel as in ander verbande breek, hoe beter."

### VERANTWOORDELIK

Hy verklaar dat dit die taak van die Britte moet wees om die Duitsers wys te maak dat Hitler vir die oorlog, en nie Engeland vir die ellende verantwoordelik is nie. **Die optrede van die Britte bewys juis die teenoorgestelde. Hulle is besig om haat teen die Britte te kweek.**

'n Bestaansminimum is nodig om Duitsland weer op die been te kry. Duitsland ontvang dit nie vandag nie, het hy verklaar. Tensy die Duitsers daardie minimum steenkool, voedsel en roumateriaal ontvang wat nodig is om hulle aan die gang te kry, sal die Btirse besettingsgebied 'n verhongerde en 'n haatvervulde deel bly.

Dit is nie moontlik vir 70 miljoen Duitsers om in 'n baie kleiner land te woon as voorheen, as hulle nie toegelaat word om weer so industrieel te word soos voor die oorlog nie.

**Hy verklaar verder dat dit baie duidelik is dat Rusland nie die bepalings van die Potsdamooreenkoms uitvoer nie.**



*Wetenskaplike Belangstelling:* **Onderwyl Britse geleerdes hulle besig hou met 'n bloot wetenskaplike ondersoek na die uitwerking van die hongersnood op Duitse kindertjies, soos hierbo gesien, word die grootste deel van die Duitse dokters nog belet om hul volk medies te versorg. Lees in verband hiermee die berig oor Lord Beveridge se veroordeling van die Britse beleid.**

**RUSLAND BEREI VOOR VIR OORLOG:** 'n Verslag van die Amerikaanse Kongresbiblioteek wat so pas gepubliseer is, maak melding van die feit dat Rusland vinnig besig is om sy militêre magte te versterk en op dieselfde sterkte as die Amerikaanse te bring. Dit spreek die mening uit dat oorlog binnekort verwag kan word. Rusland sal in 1970 33 miljoen weerbare manne hê. Dit staan gelyk aan dié van die V.S.A., Brittanje, Frankryk, Duitsland en Italië tesame. Die Senaat het verklaar dat vrede bewaar moet word, maar dat Amerika gereed sal wees om homself te verdedig.

*So Pas Ontvang*

*'n Mooi Verskeidenheid Klerasiestowwe — ook in swart*

*Ek kan nou weer bestellings neem vir Manel- en Aandpakke*

KOTZE

**Adderleystraat 134** **KAAPSTAD**

# „O.B. Is Onvervangbaar"

## Prof. Du Plessis Loof Beleid van Saambinding

### Afskeid as Studiehoof

**Weens sy algemene beleid van saambinding kan die Ossewabrandwag onmoontlik as sodanig 'n politieke party by 'n verkiesing steun. Hy kan alleen 'n politieke volksfront steun wat veel ruimer as 'n party is, het prof. L. J. du Plessis by geleentheid van O.B.-dagviering te Klipkoppies, Pretoria, voorverlede week gesê.**

Prof. Du Plessis, wat in sy hoedanigheid as leier van die komitee wat die O.B. se beleid geformuleer het, sitting op die Grootraad gehad het, het ook afskeid geneem van hierdie hoedanigheid, daar hy binnekort besturende direkteur van 'n groot Afrikaanse saak word. Die gesonde ontwikkeling van hierdie onderneming, het hy gesê, vereis synsinsiens dat daar geen grond vir suspisie sal bestaan dat deur sy hoofamptenaar se besondere verantwoordelikheid teenoor 'n bepaalde politieke organisasie daar seksionele bevoordeling sou plaasvind nie. Verder beskou hy sy besondere taak ook as afgehandel.

**Wat die O.B. se beleid betref, het prof. Du Plessis gesê dat die feite van die wêreldontwikkeling self op hierdie stadium reeds die grondbeginsels daarvan ten duidelikste illustreer.**

„Dit was vir my aangenaam in die kring van die O.B.-leiers en ek het my daar tuis gevoel," het prof. Du Plessis voortgaande gesê. „Daar was soms verskil, maar deur hierdie gesagstaatmense, deur hierdie sogenaamde diktators is die reg ook aan my, gewone Brandwag, gegun om te verskil en om ook uiting te gee aan die verskil. **Veral die K.G. was in hierdie opsig buitengewoon grootmoedig en lankmoedig. Aan die ander kant was daar hartgrondige eensgesindheid omdat daar vertroue was en getrouheid en opregtheid, omdat 'n mens in hierdie kringe die gevoel gehad het dat volksbelang en nie eie belang nie die deurslag gee."**

#### GEEN SKAKELS

„Nooit en nêrens ook het ek hier 'n sweem gevind van die so dikwels beweerde skakeling met volksvyande nie, en die verskille wat daar was, het wel soms 'n prinsipiële grondslag gehad, maar het veral daaruit voortgevloei dat hierdie mense so direk uit opregte oortuiging gehandel het dat hulle soms die slimmighede van die politiek veronagsaam het en soms die fyngevoelighede van verpolitiekte teëstanders net onnodig omgekrap het. Maar daardeur het hulle dan ook grotendeels die lug gesuiwer vir werklikhede.

„En dit bring my dan in die tweede plek, soos dit by 'n afskeid pas, by die toekoms. Baie graag wil ek dan die O.B.-leiding en die O.B.-organisasie heil toewens by sy toekomswerk. En ek kan dit met 'n goeie gewete en volle gerustheid doen. **Want inderdaad is die O.B. se taak onvervangbaar en strek dit uit na die verre verskiet. My oortuiging was en is dat die O.B. vir ons volk die brug geslaan het na die toekoms."**

#### NUWE KOERS

„Dit kon die O.B. doen en hy alleen, omdat hy in een allesbeslissende opsig 'n nuwe koers ingeslaan het en wel 'n koers wat beantwoord aan die eise



Prof. L. J. du Plessis

van ons veeleisende tyd, **die koers naamlik van volksvereniging teenoor die volksverdelingsbeleid van die imperialisme en kapitalisme en van saamskakeling en insluiting van volksgenote teenoor die uitsluitings- en verbrokkelingsbeleid van die partywese en die liberalisme.**

„Hierdie beleid van saamvatting, van saamwerking, van integrasie en koöperasie, van totalitarisme in goeie sin, d.w.s. in 'n Christelike en nasionale sin, is inderdaad die eigelike geheim van die O.B. Laat ons dit op 'n paar punte nagaan.

#### DIE DAAD

„Saamvattend en geheelmakend en afrondend het die O.B. in die eerste plek gewerk deur die daad by die woord te voeg, deur aktivisties op te tree, deur 'n neutraliteit prys te gee wat by die belede volksbeginsel nie pas nie. In die afgelope „Empire"-oorlog was die O.B. nie neutraal nie. Ook in die toekoms gaan die O.B. aktivisties wees en nie neutraal teen enige volksbederf nie, ook nie teen die kommunisme, of sy draers, Rusland en die nie-blanke Ooste nie.

„In die tweede plek het hierdie besondere beleid van die O.B. openbaar geword in sy inskakeling van die **huisgesin** en al die verskillende vertakkinge van die volkslewe in die volksbeweging, daarin dat hy die huisgesin verhef het tot fondament en model van die volksbeweging met die beroepsarbeid as bowebou — alles saam gerig op die verwesenliking van die volksbestemming in politieke sin.

#### CHRISTELIK-SOSIAAL

**„In die derde plek en hierby aansluitend is in die O.B. die nasionale en die sosiale rigting in ons volkslewe saamgeskakel en daarmee platteland en stad, en reeds gewortelde Afrikaner met die wordende Afrikaner. So het sy rigting dié geword van Christelik-sosiale nasionalisme eerder as nasionaal-sosialisme.**

„Ten vierde het die O.B. reeds begin om in aansluiting by die vorige punt die Afrikaanse nasionalisme te verruim deur buite-nasionale verpligtinge te aanvaar beide teenoor die verwante buiteland in die Weste en teenoor die inheemse gekleurde rasse van ons eie land wat aan ons voogdy en sorg toevertrou is.

„In die vyfde plek vat die O.B. ook in sy toekoms-ideaal die politieke en ekonomiese volkstruktuur tot 'n eenheid saam deur die leuse van 'n gesagstaat met beroepsverteenwoordiging en bedryfselfbestuur.

#### VOLKSFRONT

„Uit dit alles vloei nou twee praktiese eise vir die onmiddellike toekoms voort, waarby nog 'n oomblik stilgestaan moet word. Die een is die stigting van 'n politieke **volksfront** met die oog op die komende verkiesing. **Volgens sy algemene beleid van saamvatting en integrasie kan die O.B. onmoontlik as sodanig 'n politieke party by 'n verkiesing ondersteun. Nie alleen omdat dit in stryd met sy beginsel is nie, maar omdat 'n party-regering tot mislukking gedoem is en so 'n mislukking van 'n Afrikaanse party-regering die volksaak meer skade sal doen as 'n voortsetting van die huidige bewind. Die O.B. as sodanig kan alleen 'n politieke volksfront steun wat 'n ruimer en meer lewensvatbare verkiesings- en regeringsbeleid kan formuleer as wat 'n party kan doen, en ook baie ruimer steun kan verkry.** Wie b.v. in ons omstandighede sou nie verkies 'n verkiesingsbeleid gesaamlik geformuleer deur dr. Malan, dr. Van Rensburg, adv. Pirow, mnr. Havenga plus miskien mnr. Madeley, bo 'n beleid geformuleer deur dr. Malan, mnr. Eric Louw, adv. Erasmus, adv. Swart en adv. Strydom nie? Maar dit is verder 'n saak vir die toekoms en die O.B.-leiding en kan gerus daaraan oorgelaat word.

#### KAPITALISME

„Die tweede praktiese kwessie is die hantering van die kapitalisme of die saamskakeling van kapitaal en arbeid. Hier sou dit fataal wees om in erns die kapitalisme tromp-op storm te loop, omdat sy mag in Suid-Afrika nog te sterk, ook internasionaal geanker is en omdat so 'n beleid baie maklik tot kommunisme kan voer. Nee, die aangewese weg met die kapitalisme in Suid-Afrika is om dit eers baie meer te nasionaliseer, d.w.s. onder volksinvloed en staatsbeheer te bring, en dan op die genasionaliseerde sektor 'n geleidelike sosialiseringsbeleid toe te pas totdat eindelik die resterende halsstarrige vreemde kapitalisme met verenigde kragte so ver nodig uitgeskakel kan word.

**„Aan hierdie praktiese taak wil ek persoonlik my meer bepaald in die naaste toekoms wy.** Ek hoop dat ek daarby op 'n goeie gesindheid kan reken, soos u sekerlik omgekeerd op myne kan bly reken. Onthou, ek bly ook in die toekoms, soos in die verlede, vry om openlik posisie te kies in enige volksaak."

## Duitse Verset Teen Partypolitiek

**Dat die Duitsers bereid is om die stryd teen die partypolitiek aan te bind omdat hulle weet dat dit die middel van die veroweraar is om hulle onder te hou, word weerspieël uit die verklarings van 'n Duitse koerant wat onlangs ondergronds die lig gesien het. Die koerant het verskyn onder die naam „Die Regverdiges", en skryf onder meer: „Ons wil die waarheid verkondig afgesien van partypolitiek of party-groepe. Ons politiek moet vrygemaak word van partye. Ons verlang staatspolitiek en dit is die politiek vir die volk".**

## Ter Aangaping Van Koning

Die kantoor vir Inligting aan Besoekers in Kaapstad word sedert die aankondiging dat die Britse vorstehuis, George VI, Rex Imperator, en sy gesin Suid-Afrika aanstaande Februarie besoek, oorstroom van aansoeke van koningaanbidders oor heel Suid-Afrika en die aangrensende gebiede om inligting aangaande akkommodasie. Die toeloop is erger as voor die oorlog, het beamptes verklaar.

Dit word nie as moontlik beskou om aan almal huisvesting te verleen nie. Die poging om die kamp by die Wingfield-vlieghawe waar loodse gedurende die oorlog opgelei is vir die duur van die koningsbesoek te bekom, het afgespring omdat daar nie meubels, beddegoed ens. in die hande gekry kan word nie.

Die golf van koning-histerie is reeds besig om hom meester te maak van 'n sekere deel van die bevolking. Voorbereiding word getref om die stad te versier en modewinkels basuin met groot lawaai hulle nuwe modes uit wat vir die koningin welgevallig sal wees. Bioskope in Kaapstad is besig om hierdie gees van koningaanbidding aan te blaas en die plesiersoekers koningmal te maak. Sekere besighede in die stad is besig om hulle geboue nuut te skilder — dit alles vir die koning.

MOORREESBURGSE PUIK LANDBOUSKOU

WOENSDAG en DONDERDAG, 25 en 26 SEPT.

op die TENTOONSTELLINGSTERREIN

Nagenoeg 12 spanne muile, en spanne perde, karperde, ryperde, spanne osse, Fries- en Jersey-beeste, skape, varke, pluimvee, graan, groente, huisvlyt, e.d.m., alles van die beste gehalte sal tentoongestel word, benewens ook vry vertoninge van landboumasjinerie.

Die verwagting is dat die kompetisie sterker sal wees as by enige vorige tentoonstelling en dat die Moorreesburgse Skou weer die beste op die platteland sal wees.

*KOM SEKER EN OORTUIG USELF!*



*Die Nuwe Doeltreffende Aanvalsmiddel teen INSEKPLAE*

AGRICURA „DEESOL"

30% DDT OPLOSSING



VORM MAKLIK 'N EMULSIE MET WATER EN KAN NA WENS VERDUN WORD.

*Die Goedkoopste, Veiligste en Doeltreffendste*



VORM VAN D.D.T. VIR GEBRUIK IN GEBOUE, OP DIERE EN OP PLANTE TEEN ALLE INSEKTEPLAE WAT VIR D.D.T. KWESBAAR IS.

Verkrygbaar by u Ko-operasie,

of direk van

AGRICURA LABORATORIA BPK.

ANDERSONSTRAAT 204, JOHANNESBURG.

Pryse: ¼ Gelling 7/6. 1 Gelling 24/-.

Vra ons om gratis pamflet oor D.D.T. wat volledige inligting oor hierdie middel gee.

# Partylose Benadering Van Vraagstukke Noodsaaklik

**Die reeks vergaderings wat deur die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, in die Noordweste en Klein-Karoo toegespreek is, het orals, nieteenstaande die haglike droogte wat daar geheers het en die feit dat baie boere met hul vee op die trekpad is, getoon dat daar 'n geesdriftige belangstelling in die saak van die Ossewabrandwag is.**

Op Beaufort-Wes is die funksie sowel as die vergadering nie alleen geesdriftig deur O.B.-lede bygewoon nie, maar ook andersdenkendes het aan die verrigtings deelgeneem. Hier is meer as £100 ingesamel. Fraserburg, Carnarvon, Sutherland en Loxton het van dieselfde gees getuig. Op laasgenoemde plek is die totale bedrag wat geïn is, byna driemaal soveel as verlede jaar. Lede van sowel die H.N.P. as die Verenigde Party het die verrigtings bygewoon. Dit is 'n onderstreping van die feit dat die haat besig is om uit Afrikanergeledere te verdwyn.

### GEMEENSKAPLIKE BELANGE

In sy toesprake het genl. Smith nadruk gelê op die gemeenskaplike belange wat daar ten spyte van die partyskappe onder die Afrikaners bestaan. Dis niks anders as kunsmatige verdeeldheid nie. Onder die gemeenskaplike gevare wat die volksbestaan bedreig het spr. die kommunisme genoem.

Hoewel daar soms skynbare verskil bestaan, en alle politieke groepe nie altyd tegelyk 'n gemeenskaplike gevaar gewaar of gemeenskaplike belange nastreef nie, bly almal tog onderhewig daaraan. By voorbeeld, toe die leier van die Ossewabrandwag daarop gewys het dat indien die Duitse weermagte verslaan word, kommunisme nie alleen 'n gevaar vir Sap, Nat of O.B. sal wees nie, maar ook vir die hele wêreld, is dit bestempel as 'n paniekerige uitlating van 'n leier wat knopkieries as afweermiddel verkies.

Dit was uitlatings van die Nasionale Party-pers. Nogtans is hierdie mense, almal seuns van die vaderland, deur die Kommuniste aangeval en met kieries geslaan omdat hulle as burgers van die staat, saamgekom het om 'n kongres te hou waarop hulle geregtig was.

Vanaf daardie moment weet die wêreld dat die Nasionale Party seer seker dieselfde gevaar as die O.B. besef.

### BLOEDOFFERS

**Maar wat meer is, dieselfde owerheid wat honderde lede van die O.B. in die kampe en tronke gestop het omdat die O.B. gekant was teen die hulp wat daar aan Rusland — vir die kommunisme — gegee is, was ook die eerste party van die drie wat self sy toevlug moes neem tot geweervuur teen kommunistiese opsweping, m.a.w. die eerste om bloedoffers te eis in die stryd teen die kommunisme.**

Die regering moet nou self by monde van een van sy ministers sy aanhangers en ondersteuners verseker dat die regering die situasie dophou, en dat teen die kommunistiese belhamels opgetree sal word.

**Ons het dus hier 'n gemeenskaplike gevaar wat deur alle politieke groepe in die volk besef word. het genl. Smith verklaar. Figuurlik gesproke staan Nasionalis, O.B. en Verenigde partyman op een en dieselfde platform teen hierdie gemeenskaplike gevaar.**

Spr. het verklaar dat ons dieselfde toestand vind op maatskaplike en ekonomiese gebied.

### EKONOMIES

Ekonomies word Suid-Afrika bedreig deur 'n wilde spekulasiegees, gedeeltelik die gevolg van 'n skynwelvaart. Ook is hy die speelbal in die ekonomiese wedloop tussen Amerika en Groot-Brittanje.

Binnelands is die ekonomiese faktore sodanig dat die regering allerhande noodmaatreëls ten opsigte van die lewensbestaan onderneem. **Dus ook op hierdie gebied dink die O.B., Nasionalis en Sap eenders in soverre dat daar 'n gemeenskaplike gevaar bestaan wat bots met die algemene belang.**

Op maatskaplike gebied voel ons almal dat daar maatskaplike opheffing nodig is.

**Waar ons dan hoofsaaklik dieselfde ondervind en dieselfde belange het, en waar daar sedert 1910 verskeie verwisselings van regering was sonder enige merkbare verbetering, sê die Ossewabrandwag dat die oplossing hiervoor te vind is in die verwydering van 'n verkeerde politieke, ekonomiese en maatskaplike stelsel wat hom nie aanpas by die volksbelang en volksaanleg nie.**

### OPLOSSING

Om hierdie oplossing te vind is nodig: nie 'n partyfront nie, ook nie 'n O.B.-front nie, maar 'n volksfront om die algemeen begeerde samewerking te verkry tussen alle bestaande republikeinse groepe. **Verder is die oplossing te vind in die partylose benadering van die volksvraagstukke wat moet lei en sal lei tot die verandering van die bestuurstelsel. Dit kan nie langs die partyweg gevind word nie,** het spr. verklaar.

Hierdie erkenning dat dit nie te vinde is langs die weg van partye nie, vind ons o.a. in die uitlatings van genl. Smuts oor 'n republiek twee jaar gelede **waarin hy sê dat 'n party geen republiek vir Suid-Afrika kan stig nie, maar dat hy glo dat dit alleen tot stand kan kom as die volk dit verkies.**

In artikel 12 van die H.N.P.-konstitusie staan dat die Party erken dat 'n republiek noodsaaklik word, **maar dat dit alleen deur die volkswil tot stand gebring kan word, en nie deur 'n blote meerderheid by 'n verkiesing nie.**

In albei gevalle dus word die stigting van 'n Republiek as 'n volkstaak en nie 'n gewone party-taak nie aanvaar — presies die standpunt van die O.B.

Hier staan al drie die groepe dus weer op dieselfde platform. Die oplossing lê dus (1) in die gemeenskaplike aanpak van vraagstukke wat ons belange vereis, en (2) in die verwydering van die oorsaak van die vraagstukke en gevare deur 'n verandering in die politieke, ekonomiese en maatskaplike stelsel, het spr. besluit.

---

**SKIET VLIEGTUIG NEER:** 'n Vliegtuig van die Griekse lugmag is deur die lugdoelgeskut van Suid-Slawië op die Grieks-Suid-Slawiese grens neergehaal, luidens 'n amptelike berig uit Salonika. Dit is die derde vliegtuig wat hierdie satelliete van Rusland onder leiding van Tito neerskiet. Die vorige twee was Amerikaanse vliegtuie, wat aanleiding gegee het tot 'n Amerikaanse ultimatum aan Suid-Slawië.

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

### Immigrasie

Afrikanervrou Magaliesberg, skryf:—

Ek verbaas my oor genl. Smuts se oproep dat ons ons deure weereens moet oopmaak vir immigrante. Is dit miskien Duitsers? Sekerlik nie, want die wat al jare hier woon en wat bygedra het tot die vooruitgang van die land, moet gedeporteer word, of hulle nou kwaad gedoen het of nie. Dit is 'n skande vir 'n man wat hom 'n Afrikaner noem en hom beroem op sy godsdiens om so iets te wil doen. Waarom deporteer hy nie eerder die Indiërs en die Jode nie wat vandag openlik besig is om die naturelle op te stook en moeilikheid veroorsaak? Hulle het geen reg in die land nie, want hulle is niks anders as bloedsuiers wat die Afrikaner van sy erfenis wil beroof.

Vir die persone wat verantwoordelik is vir die deportasie van die Duitsers wat ons nog nooit kwaad gedoen het nie, wil ek sê dat hulle moet nadink oor wat hulle doen. Hulle sal nie vir ewig lewe nie en verantwoording moet doen vir hulle dade.

Veldm. Smuts is vir al die moeilikheid verantwoordelik. Dit is hy wat die Russiese wapens geseën en vir hulle gebid het, wat vir die Jode pleit en ons in die afgrond stuur. Mede-Afrikaners, dit het tyd geword dat ons saamstaan en van genl. Smuts ontslae raak. Ons is aan mekaar verskuldig om saam te staan en ons te verlos van die juk wat op ons rus. Ons mag nie uitstel nie. Dit kan te laat word.

### Onwaar

Na aanleiding van die kommentaar deur Die Burger se rubriekskrywer „Dawie" as sou daar 'n „verklikkertjie" betrokke gewees het in die saak onlangs op Upington teen vier-en-dertig lede van die Ossewabrandwag wat uitgekamp het, skryf dr. F. M. Joubert, generaal van die afdeling en een van die beskuldigdes, dat die bewering van Die Burger sonder grond is en net bedoel is om agterdog en verdeeldheid in O.B.-kringe te saai.

„As my vriend „Dawie" hom die tyd wil gun om een van die O.B.-kampe by te woon, sal hy sien watter waardevolle werk daar gedoen word, en hy kan die versekering hê dat wanneer hy die kamp verlaat, hy 'n beter burger van die land sal wees. In plaas van artikels te skryf wat net agterdog en tweedrag saai, sal hy net die teenoorgestelde doen en dus opbou en nie verder afbreek en verbrokkel nie."

*Volg u voorouers se raad en gebruik BOEGOESALF om u van lastige Verkoues, Hoes, Rumatiek, Winterhande, ens., te bevry* —




**BOEGOESALF**
Die Oorspronklike P-HAU-SALF
Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier
HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.
Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD

**Beskerm u Oë**
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
**Wahl, Lawrence EN KIE.**
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

ONS NUWE
**Baadjie- en Jumperpakke**
van Linne wat nie kreukel nie, is baie deftig.
**Steyns**
DIE MODEWINKEL
PAROW

**ATOOMSALF**
WONDERMIDDEL vir Aambeie, alle oop sere, omlope en uitslag. Prys: 2 ons, 4/-; 1 ons, 2/3, K.M.B. Rig aan:
Eerw. G. VAN RENSBURG,
Oosthuizenstraat 212
Posbus 14, Warmbad, Transvaal
4876/27

**W. VOIGT (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)

**NUWE BOEKE**

*Lewensbeskrywing:*
DR. J. D. KESTELL
deur P. J. NIENABER . . . . . . . . 8/- posvry

*Nuwe Romans:*
AS DIE SON ONDERGAAN
deur S. V. PETERSON . . . . . . . . 8/- posvry
DIE EENOOG-VERKENNER
deur A. DU BIEL . . . . . . . . 6/4 posvry

*Speurverhaal:*
NIE 'N ENKELE SPOOR NIE
deur RENS VAN DER WALT . . . . . 7/- posvry
HULLE WAT AGTERBLY
deur M. STEYN VAN ROOYEN . . . . 7/- posvry
MOORD IN DIE LAEVELD
deur Dirk J. Potgieter . . . . . . . . 8/- posvry

*Meisiesverhale:*
STRYD OOR PETA
deur STELLA BLAKEMORE . . . . . 7/6 posvry
MAASDORP SE NUWE ONDERWYSERES
deur STELLA BLAKEMORE . . . . . 9/6 posvry

*Nou weer Beskikbaar:*
F.A.K. VOLKSANGBUNDEL
MET MUSIEK . . . . . . . . 14/6 posvry
STROME IN DIE DORSLAND
deur CHARLES E. COWMAN . . . . 11/- posvry

**Pro Ecclesia-Boekhandel**
POSBUS 29 STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 11 SEPTEMBER 1946.

# Is Dit Hulle Erns?

'n Persoon verklaar hom bereid om meer as die helfte van sy bloed aan iemand wat dit baie nodig het, af te staan. Nadat die oortapping plaasgevind het, slaan die iemand sy „dankbare" oë na die bloedskenker op en sê: „Vriend, aangesien jy nou al soveel van jou bloed aan my geskenk het, gee nou maar die ander bietjie wat jy nog oorhet, ook — lê nou maar jou lewe vir my af!"

Dit is in elk geval met meer selfbeheersing as wat daardie bloeddonateur sou openbaar, dat ons vandag reageer op 'n soortgelyke redenasie van die amptelike organe van die H.N.P.

In 'n vorige uitgawe van Die O.B. het ons 'n uiteensetting geplaas van die Ossewabrandwag se saamwerk-voorstel. Ons het dit duidelik gestel dat die O.B. nie aan die H.N.P. wil voorskryf watter kandidate hy vir homself in geval van 'n verkiesingsfront moet nomineer nie, ook nie dat die H.N.P. in 'n nuwe organisasie moet verdwyn nie, en dat die O.B. vir homself geen setels eis nie. Al wat hy verwag is dat daar 'n bondgenootskap tot stand gebring moet word tussen alle nasionale groepe waarin elke deelnemer sy selfstandigheid behou met volle erkenning deur die ander. Sover dit kandidate betref, laat die O.B. dit oor aan daardie organisasies wat hulle daarvoor beywer: op die oomblik net die H.N.P. en die Afrikanerparty — kon ons daaraan toegevoeg het. **Maar sonder erkenning van die Ossewabrandwag as bondgenoot deur die H.N.P. kan ons laasgenoemde nie steun nie, want sy vyandigheid teenoor die Ossewabrandwag op 'n tydstip wanneer hy elke O.B.-stem vra, is genoegsame grond vir vrees dat daardie vyandigheid hom in erger mate sal laat geld na 'n oorwinning wanneer die H.N.P. die stem van die O.B. vir 'n geruime tyd nie meer nodig sal hê nie.** Ons het in hierdie verband verwys na die weiering van H.N.P.-dagblaaie om O.B.-advertensies te plaas.

In antwoord op ons uiteensetting kom sowel die dagbladpers as die amptelike strydblad van die H.N.P. nou met die betoog dat aangesien die O.B. tog so min vir homself vra, waarom laat los hy nie ook die voorwaarde vir erkenning en steun die H.N.P. onvoorwaardelik nie?!

## VRA TE MIN!

**Logies kom dit daarop neer dat indien die Ossewabrandwag kwaaier voorwaardes gestel het, dit groter oorweging van H.N.P.-kant sou geniet het. Die beswaar nou is nie meer dat die O.B. se voorwaardes te onaanneemlik is nie, maar inderdaad dat dit te maklik is!**

Dit is wanneer daar so met argumente gespeel word, dat die vraag by ons opkom of dit hierdie leiers dan waarlik erns is wanneer hulle oor die ondergang wat die blankedom en die toepioeging wat die Afrikanerdom bedreig die arms omhoog hou en vir uitstyging bo partybelange pleit? **Is dit dan blote verkiesingstaal as dr. Malan op Moorreesburg verklaar dat „Suid-Afrika nou moet kies om òf sy posisie te verdedig met ENIGE wapen òf om selfmoord te pleeg"?** Want sodra die Ossewabrandwag maar net as wapen 'n bondgenootskap soos in 1924 voorstel, dan heet dit dat die H.N.P. die enigste erkende politieke organisasie is. **Dan word daar nie meer in terme van „enige wapen" gedink nie, maar net in terme van 'n „enigste wapen"!**

Laat ons baie duidelik op hierdie een punt wees: **Die Ossewabrandwag kan sy steun aan geen politieke party verleen behalwe in 'n gesamentlike front wat oop staan vir alle nasionale groepe, en allermins sal hy dit verleen aan 'n party wat weier om hom as 'n faktor te erken. En die rede daarvoor is dat die Ossewabrandwag geen vertroue meer in politieke partye het om landsvraagstukke op te los nie. Onder politieke partye het die een vraagstuk na die ander ontwikkel tot 'n breekpunt toe, en daarom beywer die Ossewabrandwag hom vir 'n nuwe staatstelsel op 'n breër grondslag as dié van twistende partye.**

## ANDER METODES

En as hy nou in 'n komende verkiesing bereid is om sy steun aan politieke partye teen die Smutsbewind te verleen, dan is dit net omdat hy in die eerste plaas vertrou dat uit 'n verenigde front ook waaragtige volkseenheid sal groei soos daar in 1941 ten opsigte van ons toekomsideale bestaan het, toe dr. Malan self teen die Britse parlementêre stelsel te velde getrek het, en in die tweede plaas hoop dat enige nasionale kombinasie ten minste tydelike verligting kan bring.

En as die H.N.P.-leiding volhard om alle saamwerkvoorstelle belaglik te maak, sal hy nie net uiteindelik 'n sware verantwoordelikheid teenoor die volk op hom laai nie, maar ook uitvind dat die volk hom tot ander wapens sal wend as hy eers begin wanhoop aan sy „enigste wapen" se opregte bedoelings in 'n uur van sware krisis.

En bowe-al moet onthou word dat dit die H.N.P. is wat verleë is oor stemme en nie die Ossewabrandwag nie. As laasgenoemde vir samewerking pleit is dit nie terwille van stemme nie, maar van die volk. **En as die H.N.P.-leiding met sy onversoenlike houding volhard, mag die Ossewabrandwag sterk daaraan dink, soos prof. Du Plessis voorverlede week nog op Klipkoppies gewaarsku het, of 'n enghartige partybewind nie tot so 'n mislukking gedoem sal wees dat dit die Afrikanersaak meer skade sal berokken as ten goede sal kom nie.**

# Regering Nie Moontlik Sonder Beroepstelsel

## Geleerde se Mening in 1938 al

**Reeds in 1938, en dus nog voor die ontstaan van die Ossewabrandag, het prof. L. J. du Plessis in 'n Hollandse tydskrif, Philosophia Reformata, 'n wetenskaplike pleidooi gelewer vir die invoering van 'n stelsel van beroepsverteenwoordiging omdat hy dit beskou het as 'n „veelbelowende hervorming van die staatsorganisasie" wat ook prinsipieel geregverdig kan word.**

**Hierdie artikel loënstraf die aantygings dat die Ossewabrandwag so 'n stelsel voorstaan net uit vyandigheid teenoor die partypolitiek, en dit weerlê ook die lompe argumente wat deur sommige politieke organe vandag gebruik word om die Ossewabrandwag se beleid te kleineer.**

Prof. Du Plessis het in genoemde artikel eers 'n oorsig gegee van die staatsfilosofie en aangetoon hoe die groepspersoonlikheid, soos verteenwoordig in die volk, uiteindelik erken is as grondslag van die staatsgesag. In die jongste tyd is die begrip groepspersoonlikheid vanweë die groeiende magsvorming van allerhande sosiale organisasies ook toegepas op ander sosiale verbande. **Dit gaan gepaard met 'n kragtige strewe om die beroepsgroepe in te skakel in die staatkundige verteenwoordiging as vaste onderbou van die staatsorganisasie, en in die diktatuurstate is aan hierdie strewe toegegee, hoewel die staatkundige magsentrasie in hierdie state nog op die party berus het.**

### NIE GENOEG

Daar bestaan dus 'n historiese noodwendigheid vir hierdie strewe. Maar afgesien daarvan kan die strewe op beginselgrondslag geregverdig word. Die staat, aldus prof. Du Plessis, moet organisatories by die struktuur van die volk ingeskakel word. Tot nog toe is dit gedoen deur middel van 'n volksverteenwoordiging. In die volksverteenwoordiging moet sowel die volkseenheid as die veelheid van die sosiale groepe behoorlik weerspieël word, veral omdat laasgenoemdes die reg vorm en die regsbehoeftes bepaal. **„Aan hierdie vereistes beantwoord die parlementêre partystelsel nie meer nie."** Toe die volk nog meer eensgesind was en die werk van politieke verteenwoordiging minder veeleisend, was dit nog moontlik om die sosiale verskeidenheid redelik goed te weerspieël deur die aparte verteenwoordiging van afsonderlike lokaliteite, daar die sosiale verskeidenheid nie groot was nie, en die politieke werk nie so besonder tydrowend nie.

### VERBROKKELING

**Vandag ontbreek daardie volkseenheid weens die verbrokkeling van die partywese, en wat die politieke werk betref, is dit so veeleisend dat verteenwoordigers gedwing word om 'n beroep van die partypolitiek te maak, met die gevolg dat die lewenskontak tussen die plaaslike partyverteenwoordiger en die vernaamste regvormende sosiale groepe, wat selde in een lokaliteit afgebaken kan word, veel te gebrekkig is.** En tog sal die staat van hierdie regsvormende groepe deeglik kennis moet neem indien hy sy taak behoorlik wil vervul. As vernaamste groeperinge noem prof. Du Plessis aan die een kant die kerke en allerhande kulturele verenigings en aan die ander kant die bedrywe en beroepsverbande.

### GROOT BEHOEFTE

„Dit is duidelik dat die owerheid sy taak in die moderne staat nie behoorlik kan vervul sonder om noue voeling te hou met bogenoemde groepsformasies nie, met die eerste vir kultureel-politiese doeleindes, met die tweede vir ekonomies-politiese doeleindes." Een van die groot behoeftes vandag is om die organisatoriese kontak tussen die staat en hierdie groepe behoorlik te reël.

Met die oog op indeling meen prof. Du Plessis dat enersyds aangesluit kan word by die bestaande departemente en andersyds by die reeds ontwikkelde of tot ontwikkeling dringende groepsorganisasies van nasionale omvang. Wat die kerke betref sou verskillende erkende kerke gesaamlik verteenwoordig kan word in een tussenkerklike raad mits geen bemoeienis plaasvind met die suiwer interne kerklike reëlings nie.

'n Departement van Onderwys sal dan kan saamwerk met 'n inter-universitêre raad en selfs met 'n kultuurraad waarop universiteite, museums, radio-omroepverenigings, kuns en sportverenigings volgens een of ander stelsel verteenwoordig word, terwyl die departement van landbou bygestaan word deur die bestuur van die landbou-unie, ens.

### VUL PERSONEEL AAN

Die eenheid in hierdie veelheid moet verseker word deur die owerheidsorganisasie as eenheid berustende op die parlement, wat ook kan dien om formele wetskarakter te gee aan meer omvattende owerheidsmaatreëls. **„Maar die voorbereiding en die uitvoering van sulke maatreëls sal grotendeels moet plaasvind langs departementele weg in oorleg met die betrokke rade van deskundige belanghebbendes, wat selfs gedeeltelik kan dien ter aanvulling van die departementele personeel vir die uitvoering van die staatstaak in besonderhede."**

Prof. du Plessis kom dan tot onderstaande gevolgtrekking: „Die parlementêre organisasie kan wel dien as owerheidsbasis, **mits doeltreffend hervorm tot groter eenheid; maar die funksie van volksverteenwoordiging ten opsigte van die sosiale veelvoudigheid daarvan moet grotendeels oorgeskuif word na die geskeste groepradestelsel.** Immers, soos ek verlede jaar geskryf het.... die teenswoordige staatkundige krisis is grotendeels 'n gevolg van die feit dat party en kieserskorps, soos tot nog toe ontwikkel, nie of nie meer doeltreffend meehelp om waarlik die volk staatkundig te verteenwoordig nie.

„Volgens my mening sal die geskeste hervorming hierdie krisis oorbrug, omdat die volksgroepe adekwate verteenwoordiging nie meer sal verwag van die parlement wat as owerheidsbasis dit nie kan verskaf nie, maar wel van die politieke aanwending van die groepsorganisasie, wat juis deur die inskakeling in die staatsbestuur en dus deur die aanname van 'n sekondêre politieke funksie in staat gestel word om die veelvoudige volkslewe adekwaat polities te weerspieël in die staat as volksverteenwoordiging."

# Opvoering Van Wena Naude

„Vlindertjie Gewond", 'n drama geïnspireer deur „Madame Butterfly" van Puccini, wat verlede week deur Wena Naude en haar geselskap op die planke in Kaapstad gebring is, het groot byval gevind.

Die hoogstaande spel van Wena Naude as Vlindertjie, 'n rol waarin sy met grasie en gemak beweeg, is die glanspunt in hierdie voorstelling. In die stemmingstonele het die musiek en die passende sitate uit gedigte van Totius en Visser die juiste effek gelewer. Teenoor Wena Naude as sentrale figuur tree Baas Potas op as Pinkerton. Sy vertolking sowel as die van Danie Kok as konsul en die van Hannes Pretorius as dokter, is oortuigend. Thea de Wet as Maatjie was minder geslaag.

As 'n geheel is die effek en spanning tot die einde goed volgehou. Die ontknoping getuig van sielkundige en menslike insig. — G. C.

**DIE GRAFSTEEN van ons ontslape kameraad KILLIE THERON word op Sondag, 15 September 1946 onthul.**

Dit sal 'n plegtige funksie wees. — Alle offisiere en Brandwagte van die O.B. en Boerejeug word verwag om teenwoordig te wees. Die O.B.-Blaasorkes sal optree.

5266-2


# Op die Pad van Suid-Afrika

PAARL — C.J.V.-Saal, 14 September.
KAAPSTAD — Hofmeyr-Saal, 21 September. Bespreek by Kamer 605, Groote Kerkgebou (Vriendskap-Sentrum).

Toegang: Volwassenes 2/6; Studente 2/-; Kinders 1/6 (belasting ingesluit).

Word opgevoer deur

DIE BOEREJEUG (Kaapstad-Sentraal en
DIE O.B.-BLAASORKES (Kaapstad)

ELKE AFRIKANER BEHOORT DIT BY TE WOON!

# O.B.-DAGVIERINGS

## PORT ELIZABETH

Op Saterdag, 31 Augustus, het die kommando's van Generaalskap B8 (Port Elizabeth en omgewing) op Despatch byeengekom om O.B.-dag te vier.

Die verrigtinge is met gebed geopen deur brandwag J. Olivier. Genl. W. P. v. d. Merwe wat in bevel was, het die aanwesiges welkom geheet. Die dag is baie gesellig deurgebring onder die bome met skyfskiet, jukskei en ander vermaaklikhede. Die Boerejeug was ook baie goed verteenwoordig en het ywerig gehelp om fondse in te samel.

Soos altyd het die vroue gesorg dat daar baie eetgoed was en besonder opvallend was die baie handwerk wat kunstig vervaardig was. Ook hierin het die Boerejeug nie agtergebly nie en hul tafels was met 'n ryke verskeidenheid versier.

Soos gewoonlik was die samewerking baie mooi en die mooi bedrag van £37 is ingesamel, terwyl die Boerejeug ongeveer £5 byeengebring het. Die kollektelyste is nog uitstaande maar daar word gestreef om minstens £200 byeen te bring. Genl. Van der Merwe wens dan ook al die offisiere en brandwagte, ook van die Boerejeug, hartlik te bedank vir hul samewerking en troue ondersteuning.

Die Boerejeug het hulle baie knap gedra onder die bekwame leiding van jeugveldkt. en -veldkte. Le Roux en het die pragtige bedrag van £18-7-6 ingesamel.

Die namiddag het dr. Theron van Stellenbosch 'n besielende toespraak gelewer.

## RAWSONVILLE

Die manne- en vroue-kommando's van Goudini (A10a2 en A10a7) het die bedrag van £126-5-11 ingesamel met O.B.-dag.

Ons het ons funksie gehou op 24 Augustus op die plaas van ass.-Veldkt. Koos de Wet. Die kommando het die môre om 10-uur op parade gekom vir die vlaghysing en skriflesing. Die dag is toe aangenaam deurgebring met jukskei gooi, skyfskiet en toutrek. Vir middagete is fluks vleisgebraai en die basaar-tafels was goed gelaai deur die vlytige vrouens van die kommando.

## SIDWELL

Op Vrydagaand, 23 Augustus, het die vroue-kommando van Sidwell 'n klein dog goed geslaagde funksie gehou in die huis van die komdte. mev. Oelofse.

Die opkoms was goed. Die verrigtinge is geopen met gebed en 'n kort toespraak deur genl. W. P. v. d. Merwe. Die Boerejeug was baie goed verteenwoordig en het ook baie ywerig gewerk onder bevel van jeugkomdte. mev. Hattingh.

Daar was veral besonder baie jongmense, hoewel die gryse vaders en moeders nie ontbreek het nie.

Die opbrengs van die aand was £7 vir die groot O.B. terwyl die jeug £2 byeengebring het.

## MOORREESBURG VOORUIT

Saterdag, 24 Augustus, het die kommando van Moorreesburg sy Fondsdagfunksie op die Tentoonstellingsterrein gehou in die vorm van 'n basaar waar allerhande boeregeregte te koop aangebied is. Die pragtige gees sowel onder lede as nie-lede was die mooiste verskynsel van die dag.

Ons was besonder dankbaar om in ons midde te hê genl. Willie Marsh van die Paarl, en genl. Moorrees van Aarde en komdte. mev. Lombard van Malmesbury. Nadat hfkomdt. D. Kotze die verrigtinge met gebed geopen het, het komdt. Truter die gaste bekend gestel en met 'n kort woordjie het genl. Marsh die funksie geopen. Later het genl. Van Aarde in 'n kort toesprakie gewys op die noodsaaklikheid van grondbewaring—om sodoende die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe te hou. Genl. Marsh het later in sy rede gewys op die „Gideons-bende-idee" wat moet lei tot die God-bepaalde eindbestemming. Sy besielende rede het hy gegrond op die sosiale aspek van die O.B.—nl. naastediens.

**Die bedrag van £70 is gein, waarmee die vorige jaar se bedrag byna verdriedubbel is. Almal word hartlik bedank vir die ruim harte en gewillige hande**—veral die vroue van die kommando. — (Ingestuur.)

## KOMMUNISTE LY NEDERLAAG IN STUDENTERAAD

**Die kandidate in die Studenteraadsverkiesing aan die Universiteit van Kaapstad wat ten gunste is vir die afskaffing van die kleurskeidslyn, het die onderspit gedelf. Slegs een van die drie Kommunistiese kandidate wat genomineer was, het die paal gehaal. Die nie-blanke kandidaat het uitgeval.**

Van die anti-kommunistiese groep wat vier kandidate in die stryd gewerp het, het drie die oorwinning behaal. Uit die totaal van elf kandidate wat deur die oud-soldate genomineer is, is ses verkies. In die verkiesing is die stryd gevoer tussen die Kommuniste en anti-kommuniste. Die oud-soldate wat verkies is, sal nog moet wys watter kant hulle kies.

Die vorige verhouding in die Studenteraad was as volg: Twee Kommuniste, drie oud-soldate, drie anti-kommuniste en twee lede van die Verenigde Party.

## STEYNSBURG

Die Steynsburg - kommando (B1a3) het Saterdag, 17 Aug., feesgevier! Om vieruur die middag het genl. Duvenage die verrigtinge geopen, en 'n besielende toespraak gehou. Die aand is die verrigtinge afgesluit met volkspele. Die mooi bedraggie van oor die £50 is byeengebring.

Ons hartlike dank aan al die brandwagte vir hul pragtige samewerking en ondersteuning. — (Ingestuur.)

## LOXTON IN £90

Op 26 Augustus het Loxton se kommando's O.B.-dag gevier met Adjunk-K.G. J. A. Smith in hulle midde.

Die middag was daar 'n verkoping en ten spyte van meelskaarste het die vrou getoon dat haar wilskrag nie te beperk is nie **en meer ingesamel as die vorige jaar.**

Na 'n smaaklike ete die aand het hoofkomdt. Viljoen van Richmond en die Adjunk-K.G. 'n vol saal Afrikaners toegespreek.

Elkeen het met nuwe ywer en besieling die saal verlaat. **Die mooi bedrag van £90 is ingesamel.** — (Ingestuur.)

## MIDDELRUG-KNYSNA

Die Middelrug-Knysna kommando se opbrengs met 8 Augustus bedra meer as £24. Hierdie bedrag is ingesamel onder die leiding van hfkomdt. F. Gerber en komdte. Barnard. Geen opoffering was te veel vir die offisiere en brandwagte om hierdie bedrag in te samel nie. —(Korr.)

## MIDDELBURG, TVL.

Die viering van O.B.-dag op Middelburg, Tvl., het die mooi bedrag van £60 ingebring. Alle soorte lekkernye was te koop aangebied. Daar is orals tekens dat die geesdrif aan die opflikker is. — (Korr.)

# Uit Die Week se Nuus

**V.S.A. VERWERP NOTA: Die Amerikaanse regering het die protesnota oor die beweerde Amerikaanse skending van die Suid-Slawiese grens deur Amerikaanse vliegtuie verwerp, en van die Suid-Slawiese regering geëis dat vergoeding betaal word aan die gesinne van persone wat verlede maand deur Suid-Slawië neergeskiet is, en vir die vliegtuie.**

**NA-OORLOGSE WOLPRYSE:** Die eerste wolveiling in Kaapstad onder die nuwe skema in die na-oorlogse jare waar die verkoping nie meer geskied onder die beheer van die Britse wolkommissie nie, gee die produsent alle rede om optimisties te wees. In sommige gevalle was die pryse meer as 30 persent hoër as wat dit was gedurende die aankope deur die Britse Kommissie. In Port Elizabeth het sekere tipes wol tot 26¼d. behaal.

**SUID-AFRIKA EN TRIëST:** Op die vredeskonferensie in Parys het Suid-Afrika voorgestel dat Wes-Istrië — deel van die gebied wat volgens die wense van die vier grotes aan Suid-Slawië toegeken moet word — saam met Triëst geïnternasionaliseer word. Hierdie voorstel van Suid-Afrika het verset uitgelok van die kant van die Wit-Russiese verteenwoordiger wat aangevoer het dat daar geen rede is waarom Wes-Istrië van Suid-Slawië weggeneem moet word nie.

**TEN GUNSTE VAN MONARGIE:** Die Griekse volkstemming oor die koningskap het ten gunste van die Griekse koning uitgeval. Hy sal dus na afwesigheid van enige jare na sy troon kan terugkeer tot ergernis van die kommuniste.

**BRUTALE INDIëRS:** Verregaande brutaliteit is verlede week deur die Indiër-wetsoortreders in Durban aan die dag gelê. Nadat hulle 'n nuwe perseel „beset" het, en die regering nie teen hulle opgetree het nie, het een van die leiers van die wetsoortreders 'n brief aan die Minister van Binnelandse Sake gerig waarin hy die regering uitdaag, en verklaar dat indien die regering nie binne sewe dae teen hierdie wetsoortreders optree nie, die Indiërs sal aanneem dat die wet wat hulle verbied om hulle daar te vestig, nie meer van krag is nie.

**VLOOTBEWEGINGS IN MIDDELLANDSE SEE.** — 'n Amerikaanse vliegtuigdraer, vergesel van 'n kruiser en torpedojaers, het in Griekeland aangekom. Amptelik word verklaar dat dit 'n welwillendheidsbesoek is. Die Turkse vloot het uit Istanboel vertrek waar dit die Britse vloot in die Egeïese See sal ontmoet. Gerugte waarvoor geen amptelike bevestiging verkry kan word nie, wil dat die drie vlote aan gesamentlike maneuvers sal deelneem.


WAARDE VIR GELD



ALGEMENE HANDELAAR en PRODUKTE-KOPER
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v. Garcia- en Nuwestraat
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

TOT U DIENS . . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
DRAAI
PAS
SWEISWERK
Wynnestraat 13 — PAROW
Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).

Vir Voetmoeilikhede raadpleeg 'n deskundige
Handgemaakte Voetstutjies Volgens Afmetings: 'n Spesialiteit
Physical Foot Culture
Oranjestraat 82 KAAPSTAD

MARKAGENTSKAP
VROEë MôRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

Wapenskou
Die enigste van sy soort in Afrikaans.
DIT GEE 'N KRITIESE NUUSBESKOUING VAN S.A. SOWEL AS INTERNASIONALE NUUS.
'N BLAD VIR ALMAL.
Intekengeld:
12/6 per jaar.
Posbus 28
STELLENBOSCH

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MôREMARK (Posbus 7185) Newton

BRING U MOTOR VIR BEDIENING EN REPARASIES na
Premier Service Station
Barnetstraat 35 KAAPSTAD
5246

R. W. van Ryn
BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.
ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

Uit klein akkers spruit groot bome . . .
Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

**PIENAAR.** — Aan mnr. en mev. J. D. Pienaar van Boerpark, George, 'n fris O.B.-seun op 1 September. Albei wel. Naas die Heer ons dank aan Suster en Geneesheer.

**BOTHA.** — Aan mnr. en mev. M. C. Botha van Boerpark, George, 'n fris O.B.-seun op Saterdag 17 Augustus. Albei wel. Dank aan verpleegster.

## VERLOWING

**PASCH—VAN DER WALT.** Leenster van der Walt en Gerrit Pasch maak bekend dat hulle verloof is.

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, beflike en doeltreffende diens.

## DOODBERIG

**BRITS.** — Onvergeetlik sal 29 Aug. 1946 met sy verblindende flits dat Bettie dood is, vir ons bly. Dat jou ywer vir 8 Augustus jou einde meegebring het, weet ons. Daarom, rus sag, liefling. Van jou kommando. Ons sal jou ideale verder dra.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## AGENTSKAPPE

**Interprovinsiale Agentskappe (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 521, Kaapstad.** Telegrafiese adres: „Interpros". Foon 2-4560. Ons is makelaars en afslaers en verteenwoordig plattelandse besighede van enige aard, sowel as die belange van privaat persone; koop en verkoop vaste en ander eiendomme enige plek in die Unie en hanteer verkopings en inkopings van enige aard in die buiteland. 5603/52

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by ele nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BETREKKING GEVRA

Oud-geïnterneerde, voorheen 1ste graad sersant S.A. Polisie, 12 jaar diens, sedert vrylating B.Com.-kwalifikasies behaal op laaste paar vakke na, soek betrekking met goeie vooruitsigte. Administratief of uitvoerend. Bestuursondervinding in motorhandel. Sal vennootskap geesgenoot oorweeg. Skryf aan „O. G.", Posbus 28, Stellenbosch. 11/9/3

## BETREKKING VAKANT

**GEKWALIFISEERDE MOTORWERKTUIGKUNDIGE BENODIG.** — Meld ouderdom, getroud of ongetroud, ondervinding en vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word. Salaris £8 per week, lewenskoste-toelae ingesluit. Goeie vooruitsigte vir die regte persoon. — BONNIEVALE GARAGE, Posbus 35, BONNIEVALE. 28/8/4B

**BEKWAME** kok, huishoudster asook bekwame hulp vir huiswerk, 1 Oktober. Meld ondervinding en ouderdom. Skryf vir besonderhede, en sluit getuigskrifte in, aan VAN ZYL, Lochielweg, RONDEBOSCH. 4/9/3

## BOME, PLANTE EN SAAD

**HERHOLDT** se vars ingevoerde **Groente en Blomsade** het ons aangekom en verseker hoë en super gehalte resultate. Skryf om Pryslys en bestel u voorrade nou vir hierdie voorjaar! Egte plat kring Boerpampoen saad spesiaal uitgesoek, ongeëwenaard vir mark en huisgebruik, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Tom Watson Waatlemoen, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Nantes ingevoerde suikersoet Wortelsaad, 3/- per ons, 25/- per lb. Copenhagen Mark en Enkhuizen Glory Koolsaad vir mark en huistuin, 2/6 per ons, 22/6 per lb. Viroflay Vitamine Spinasie, 2/6 per ¼ lb. Mastadon Jumbo reusagtige Amerikaanse gesiggies in verskeidenheid van kleure, 2/6 en 5/- per pakkie. Blackmore en Langdon Super Delphiniums, 2/6 en 5/- per pakkie. Kontant of deposito moet bestelling vergesel. Voeg 2/- by vir pak en posgeld. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 28/8/4

**KRISANTE.** — September—Oktober planttyd. Pragtige sortering kampioen beker veroweraars, Constantia Aarbeirooi, 7/6; Groote Schuur reusagtige rooskleur, 10/6; Remus bekoorlike reuse donkerrooi, silwer agterkant, 2/9; Gladys Payne, die lieflike salm-appelkoos snyblom, 2/9 en 80 ander keurige soorte. Ons puik sorterings hieronder sal u verwagtings oorskadu, pragtige kleure. — **Donou Sortering**: 25/- per dosyn, 15/6 vir 6; **Opera Sortering**, 21/- per dosyn, 12/6 vir 6; **Luukse Versameling**, 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6; **Tuin Versameling**, 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6; **Barberton Daisies**, pragtige verskeidenheid van kleure, reuse Hybride, 15/6 per dosyn, 8/6 vir 6. **Amerikaanse Boomangeliere**, in pragtige gesorteerde kleure, 7/6, 10/6, 12/6 en 15/6 per dosyn. Verpak en posvry vir kontant met bestelling. Dahlias, Swaardlelieboile, Saad, ens. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 28/8/5

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMILERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## EIENDOMME

### TULIBLOK 6,000 MORGE

Weens uitbreiding van besigheid het TERRAFOU HANDELAARS besluit om bogenoemde uitstekende plaas aan Limpoporivier te verkoop. Groot verskeidenheid klein- en grootwild. Uitstekende mopanie- en soetgras-weiveld vir groot- en kleinvee. Uitstekende kans. — Vir besonderhede: TERRAFOU, P.K. Bezuidenhoutskraal, Oor Pienaarsrivier. 4/9/4B

**EIENDOMME.** — G. en B PROPERTIES (PTY.) LTD. (voorheen P. G. Groenewald), Stasieweg 5, PAROW. Afslaers, Huis- en Eiendomsagente.

**EIENDOM.** In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602TK

**EIENDOMME.** As u eiendomme wil koop of verkoop, raadpleeg VAN RIEBEEK TRUST, Posbus 48, Arcadiagebou, Voortrekkerweg, BELLVILLE. Telefoon 9-7222. 5607/52.

**EIENDOMME.** PARWOOD AGENTSKAP, Voortrekkerweg 74, PAROW. Posbus 46, Telefoon 98-9155. Wanneer u 'n plaas, huis of besigheid wil koop of verkoop, raadpleeg ons eers. 5606/8

**EIENDOMME.** LOTZ EN SEUN, Posbus 40, PAROW. Raadpleeg ons eerste voordat u enige eiendomstransaksies aangaan. Deskundiges tot u diens. Telefoneer 9-8616. 5604/13

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**ELEKTRISO (EDMS.) BPK.**— Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. Tel. No. 9—7223. 5564-1

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4579/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertroë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

## HORLOSIEMAKERS

Vir horlosiereparasies spreek **STEYN en SWART**, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Kerkstraat 68, Kaapstad. Foon 2-5454.

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL**, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## HUURMOTORS

Altyd tot u diens! Vir betroubare Huurmotordiens bel 322. J. MULLER, Ruststraat 18, OUDTSHOORN. 5253—4.

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART**, voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprysе. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

## MISSTOWWE

**KARROO KRAALMIS MEEL:** Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## PATATRANKE

**PATATRANKE.** — Sesmaande, 7/- vir 80 pond, Driemaande 6/6 vir 40 pond, 8/- vir 1,000, sesmaande-, driemaande-, wit- en borriesteggies. K.M.B. Gelewer Serpentine Sylyn. Tevredenheid gewaarborg. — B. H. GERBER, (C. seun), Olifantshoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 5609TK

**PATATRANKE.** — Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom! Sesmaande 7/- vir 80 pond, driemaande wit 7/- vir 40 pond, borrie- en witsteggies, 10/- per 1,000. V.O.S. Serpentine. — P. J. GERBER, C/sn., Hoekwil, GEORGE. 5275

**PATATRANKE.** — Sesmaande patatranksteggies, 9/- per 1,000. Wit en Borrie 10/- per 1,000.—H. ROELOFSE, P/s Serpentine, GEORGE. 5598TK

## PLUIMVEE

**ERA PLUIMVEEPLAAS** bied aan vir September en Oktober aflewering: Opregte B.W.D.- en Tifusvry dag-oud R.I.R. en W.L. Kuikens teen £6 per 100. E. R. ADCOCK, Posbus 1134, Pretoria. 21/8/5B

**KUIKENS.** — JOHS. J. COETZER, DIE WOLWAS, WINBURG, O.V.S. boek kuikens vir OKTOBER en NOVEMBER-aflewering, R.I.REDS, SWART AUSTRALORPS en WIT LEGHORNS. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime Elektriese Broeimasjiene, gewaarborg vry van B.W.D. en Hoendertifus. Prys £5-10-0 per 100. 14/8/6B

**PUIK KUIKENS.** — Australorps, Leghorns en kruis teen £6 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddellike aflewering. Broeiplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

## TE KOOP AANGEBIED

**BOKWA.** — Sterk, 18 vt. lank, so goed as nuut. Gelewer Philippolis-weg. Prys £65. — J. H. VAN DER WALT, Roolpan, oor Witputspoor. 5281-2

**DE LUXE WINDLAAI-TOESTELLE.** —Ons bied die „Super de Luxe" 6 volts model aan teen £10-10-0. 12 volts „Heavy Duty," 225 watts, teen £21. 32 volts, 500 watts, £38-10-0. Hidrometers, 5/-; Batterykloue, 2/4 per paar. Posvry.— SLATERS, Northsrtaat, OOS-LONDEN. 4/9/4

**FIETS ONDERDELE.** — Vrywielkamratte 5/-; Terugtrap-buste 25/-; Agterwiel-buste 6/6; Driespoed-buste 37/6; Rubber Handvatsels 1/10 per paar; Rubber Pedale 7/6 per paar; Kettings 4/8; Binnebande (26 x 2) 3/9; (28 x 1½) en enige ander grootte 3/6; Voor en Agter Aste 2/6 elk; Spypennetjies (Cotter Pins) 6d. elk. Elektriese Lampe met Dinamos, 25/- elk. Alles posvry.— SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/4

## WEER STAKINGS IN V.S.A.

Amerika staan voor die grootste voedsel- en industriële krisis sedert die afgelope oorlog as gevolg van die staking van die bemannings van Amerikaanse koopvaartskepe en die bestuurders van afleweringswaens. Die staking van die seelui het ten gevolge dat daar meer as 2,000 skepe in Amerikaanse hawens lê wat nie hul reise kan voortsit nie. As gevolg van die staking van die 30,000 afleweringswaens word die inwoners van New York bedreig met voedseltekort.

Die stakers eis hoër lone. 'n Amptenaar van die Arbeidsdepartement het verklaar dat indien die stakers daarin slaag om hoër lone te kry, dit aanleiding sal gee tot verdere stakings in die staalbedryf. —(Sapa-Reuter.)

**GRASSNYERS.** — Ons bied aan die egte „Qualcast" grassnyer, gemaak in Engeland, 14 dm. lemme, teen £4-19-6. Gewaarborg.— SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/2

**4 Goedgeteelde Fox Terrier reuntjies.** Ouers lewendig, gehoorsaam en goed geaard teen £1-10-0 stuk gelewer Senekalstasie. H. J. ODENDAAL, Helvetia, Senekal.

**JUKSKEIE.** — Bottelskeie teen 3/9, vierkantige koppe teen 4/6 per paar. Muilswingels 5/6 elk, trekdonkie-swingels 5/- elk, draaghout 5/- elk. KOOS BOTHA, P/S. Serpentine, Dist. George. 11/9/4.

**LAMPKAPPE** vir Aladdin 2/8 elk, vir „Coleman" tafellampe, 6/3 dos., vir „Coleman" Lanterns 7/3 dos.; vir „Tilley" lampe 8/3 dos.; vir „Primus Optimus Radius" (Single tie) 7/3. Posgeld 4d. vir elke dosyn. Ons het alle „Coleman" parte, insluitende dinamos. — SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/4

**MECCANOSTELLE.** No. 0, 8/6, No. 1, 13/-, No. 2, 17/-, No. 3, 25/-, No. 4, 36/-, No. 5, 50/-. Hierdie boustelle hou die jong seuns besig. Daar is so baie interessante dinge wat hul kan bou met die stelle. 'n Ideale geskenk! — SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/2

**MONDFLUITJIES.** — Ons bied aan die egte Amerikaanse „Magnus" mondfluitjies in verskeie kleure teen 7/6 elk. Posvry. Hierdie mondfluitjies het 'n uitstekende klank. — SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/2

**ROOMAFSKEIER.**—35-gelling Domo Roomafskeier, in eersteklas werkende toestand. £10 kontant. Skryf aan: C. VAN RENSBURG, Peachgrove, Sandflats.

**ROOI POENSKOPPE** (Red Polls), as u 'n eersteklas dubbeldoel-Rooi Poenskop-bul soek: Dunbar-stoet het geregistreerde bulle van hoë gehalte. Almal goedgekeur. Te koop teen redelike pryse. — Om besonderhede skryf aan of besoek: ENSLIN, Pk. Gloria, Middelburg, Transvaal. 21/8/4

**SPANPAALTJIES** (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhout op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

**TE KOOP.**—Amerikaanse Boomangeliere Vier pragsoorte: wit met ligrooistrepies, 5/- per dosyn; ligrooi met rooi, 12/6; roomkleurig met rooi, 7/6; bloedrooi, 20/-. Drie van elk teen 12/-. — S. C. STANDER, Bus 20, TZANEEN. 28/8/4B

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT

Vriende!! Ondersteun u mede-Afrikaner!! Stuur u leë sakke en betaal spoorvrag na Florisbad. Ek laai dadelik: 9 No. 2 en 1 A.1. 50/-. 10 No. 1 55/- min 1/- afslag vir elke leë sak. — Mevr. MARTIE VENTER, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

## WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3. 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

**GROOT TEKORT AAN MATERIAAL:** Die Unie se bouprogram gaan nog mank aan ernstige tekorte soos staal, sement en arbeid. Sagte hout is tans in genoegsame hoeveelhede beskikbaar, het mnr. J. W. Mushet, Minister van Openbare Werke verklaar. Hy het verklaar dat die Unie se fabrieke nie in die volgende twee jaar genoeg sement kan produseer om die bestaande vraag te voorsien nie.

Die Suid-Afrikaanse sementfabrieke het gedurende Mei van hierdie jaar alle vorige rekords geslaan. Hulle het 80 persent meer sement vervaardig as die maandelikse produksie in 1936. Daar is ook 'n rekord geslaan in die maak van boustene.


## „EXCELSIOR"

Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.

Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| „Cocktail" | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante | 10/- | — |
| Grande Splendore | 7/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**VOORWAARDES:**
Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald.

EXCELSIOR WYNMAKERY
(Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE
(KAAPLAND)





## GESONDHEID!

Seëning van die Rykes
Rykdom van die Armes

Vul hier in en pos aan:

DIE HEFER-INSTITUUT VIR GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING,
Posbus 3494, KAAPSTAD.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u Liggaamsontwikkeling-Kursus.

Naam ..............................

Adres ..............................

..............................

Ouderdom ..............................(3)

DIE BOERE JEUG
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 11 SEPT. 1946.

# Amptelike Kennisgewings

Die volgende twee laertrekke wat gedurende die Oktober-skoolvakansie gehou word, word weer onder die aandag van lede gebring:

GEBIED C. Fouriesburgstasie — 28 September tot 5 Oktober 1946. (Boerejeugbevel 3/46.)

GEBIED D, E en F. Mooinooi, Tvl. — 5 tot 14 Oktober 1946. (Boerejeugbevel 4/46.)

Nadere besonderhede is by die plaaslike offisier of Gebiedskwartier verkrygbaar. Name van laergangers moet egter dadelik aan Boerejeughoofkwartier gestuur word.

# Ons Jeugsentrums

## DIE TERREIN

**Nou dat 'n voorlopige bepaling van die gebou gegee is, moet ons probeer vasstel hoe die terrein daar moet uitsien. Daarby moet ons nie onmoontlike eise gaan stel nie, anders sal ons nooit verder as die ideaal kom nie.**

Om bv. in 'n stad 'n ruime, sentraalgeleë terrein te eis, sou waarskynlik tevergeefs wees. Daar sou ons al baie bly kan wees as die ruimte vir 'n geskikte gebou gevind kan word. Want sentraal, naby die hartjie van die stad, wil ons dit hê. Is die stad so groot en uitgestrek dat dit nodig word om meer as een so 'n sentrum te hê, word dit miskien makliker om een of meer met ruim gronde te kry. In elk geval is die skole gewoonlik goed voorsien van speelgronde en sou 'n reëling getref kan word waarby die Jeugsentrum sekere seggenskap daaroor kon kry. 'n Sekere mate van desentralisasie, veral t.o.v. spel, parade-oefeninge, ens., kan alleen die saak dien. Daarop sal nader ingegaan word wanneer die Organisasie as geheel bespreek word. Hoofsaak is dat die Jeugsentrum die hart van alle Jeugbedrywighede sal vorm. Van daaruit word die stukrag in alle rigtinge gepomp.

Op 'n kleiner plek, 'n plattelandse dorp bv., behoort daar minder moeilikheid te wees. Daar is gewoonlik nog ruimte genoeg en kan die Jeugsentrum sy eie gronde hê. Laat ons so 'n plek as uitgangspunt neem. Daarna kan oorlê word hoe 'n stad hom daarby kan aanpas.

### DIE INDELING

Wat moet die terrein dan o.a. bevat? Eerstens 'n geskikte paradegrond met 'n mooi vlagpaal. Daar vind die verskillende parades plaas en leer die jongspan, dogters sowel as seuns, om flink en netjies te marsjeer. Verder, die speelgronde met verhoog. Vir die verskillende spele soos voetbal, tennis, korfbal, krieket, asook vir gimnastiek en atletiek moet voorsiening gemaak word. **Al hierdie jeugaktiwiteite kom vandag op die skoolprogram voor, saam met nog ander dinge wat m.i. besig is om die skool se regmatige taak te bemoeilik en te verduister en om aan sport en ontspanning 'n verkeerde plek en waarde toe te ken.**

Dan moet daar ook plek en geleentheid vir landsdiens wees. Hier kan die landbouklub-idee toegepas word. Elke kind moet leer om die grond te versorg en te bewerk, om sy eie blomme, groente en vrugte te kweek, om bome aan te plant, ens.

Saamvattend sien ons dat die nodige terrein beskikbaar moet wees vir

1. gesamentlike optrede,
2. ontspanning, en
3. landsdiens.

O ja, die swembad ontbreek nog. 'n Swembad moet daar wees, dit spreek vanself. Is daar nog iets wat ons uitgelaat het? Die jong tekenaars wat hulle planne vir die gebou, waarvoor ons gevra het, al naasteby agtermekaar het, kan nou wegval aan die gronde. Graag sou ons 'n skets van die hele kompleks in „Die Boerejeug" wil plaas.

### PENMAATS

Ten einde die lede van ons groot Beweging nader aan mekaar te bring, is besluit dat ons in die toekoms in hierdie blad die name van lede wat graag penmaats wil hê, sal plaas. As julle dus penmaats soek met wie julle kan gesels oor die funksies en uitstappies, tuisbyeenkomste en tiekie-aande, laertrekke en volkspele wat julle gereeld hou, stuur dan vir ons die volgende besonderhede en ons sal so af en toe 'n paar name plaas: voorname en van, adres, ouderdom en rang. Die name wat ons eerste ontvang, word eerste geplaas. Ons verwelkom ook die name van persone wat nie Boerejeuglede is nie.

### VERJAARDAGKETTING

12 SEPTEMBER: Elsie Botes, Merweville; Theunis Swanepoel, Wellington; Jacobus Fourie, Kirkwood; Johanna Minnie, Port Elizabeth; Cornelia Vivier, Eycelda; Agnes Theron, Fraserburg; Maryna du Toit, Rawsonville; Roelof van der Merwe, Slabbertstasie; Martha Cronje, Philippolis; Giliomee van Rensburg, Frankfort; Maria le Roux, P.P.Rust; Stephanie Venter, Soetdoorn; S. M. Pretorius, Koedoeskop.

13 SEPT.: Jacobus Ellis, George; Johanna Viviers, Beaufort-Wes; Christie Jordaan, Noorder-Paarl; Anna van Zyl, Goodwood; Johanna Botha, Groot-Brakrivier; Frederick Osborne, Eppingtuin; Tysie van der Merwe, Malmesbury; Mathys van der Merwe, Malmesbury; Petronella du Plessis, Eloff; Smit Terblanche, Ganskuil.

14 SEPT.: Hester Bovermeester, Eppingtuin; Joan Tredoux, Malmesbury; Christoffel Botes, Plumstead; John Eaton, Laauwkloof; Johanna Brand, Parow; Beulah Fourie, Observatory; Joanie Tredoux, Malmesbury; Magdalena Basson, Malmesbury; Irene le Roux, Bellville; Johannes Botha, George; Frans Radloff, Bloemfontein; Hendrik Joubert, Koedoeskop; Marthinus Venter, Potsdam; P. J. Snyman, Brits.

15 SEPT.: Wilhelmina de Villiers, Kaapstad; Susanna Slabber, Moorreesburg; Marius de Bruyn, Kuruman; Lydia Sinclair, Goodwood; Elsie Hattingh, Lindley; S. A. Engelbrecht, Koedoeskop; D. L. Hattingh, Brits.

16 SEPT.: Susanna Victor, Bakovenfontein; Stephanus en Johannes Westraat, Kirkwood; Gesina van Greunen, Kirkwood; Elizabeth Basson, Observatory; Carel van Wyk, Fraserburg; Rechel Scheun, Beaufort-Wes; Sara Aggenbag, Aughrabies; Anna Haywood, Rustenburg; Andries Grobler, Pietersburg.

17 SEPT.: Nicolaas du Plessis, Merweville; Magdel Symington, Sutherland; Willem Els, Stella; J. Steyn, Bellville; Johan Söhnge, Stellenbosch; Rene van der Merwe, Wellington; Petrus Steyn, Bethlehem.

18 SEPT.: Joan van Niekerk, Kaapstad; Hendrik de Wet, Aughrabies; Andries Steenkamp, Springbok; A. Havenga, Maribogo; Gerhardus van der Westhuizen, Kakamas; Marie Jacobs, Philippolis; Karel van der Walt, Beauty; Pieter Venter, Potsdam; Maria du Plessis, Koster.

# Nuttighede Uit Blik

Julle kamp dikwels, nê? En dan sukkel julle om kookgereedskap te kry. Moenie julle geld mors deur potte en panne te koop nie — maak hulle! „Dis te moeilik en ook onmoontlik", sal julle my vertel. Nee, dit is nie! Bêre al daardie leë konfytblikke, grotes, kleintjies, vettes, maeres — almal. Op 'n goeie dag het ons genoeg en dan spring ons aan die werk.

Maar kry nou eers jou gereedskap bymekaar. 'n Blikskêr, potlood en liniaal, baie koerantpapier om op die vloer en tafel




te sit, 'n plankie (werk hierop wanneer jy iets kap, anders beskadig jy die mooi tafel), 'n paar spykers, 'n hamer, 'n vyltjie of stukkie sandpapier en 'n tang.

Kom, ons veronderstel dat jy **'n pannetjie** ongeveer 1 dm. hoog wil maak. Jy sal sien dat jou blik agter 'n naat het; hou hierdie naat vir sterkte en meet een duim weerskante daarvan en trek daar 'n streep. Meet 1 duim van die boom van die blik en trek nou ook 'n streep onderom. Jou blik lyk nou soos in figuur 1 aangedui.

Knip nou al langs die potloodlyne. Wees tog net versigtig wanneer jy begin. Gebruik jou geduld. Moenie dink dat jy met een knip die boonste naat sal deurknip nie; jy sal sukkel. As jy daarmee klaar is, moet jou blik soos figuur 2 lyk — anders is jy seker verkeerd.

As jy nie versigtig is nie, gaan die pan jou lelik sny. Neem dus 'n vyltjie (nie 'n naelvyltjie nie — 'n ander een of dan liewer 'n stukkie sandpapier) en vyl al die rande mooi glad. As jy klaar is, buig die „stert" in die posisie van die handvatsel. Probeer dit ook rond in die vorm van 'n buis buig. Nou druk jy in hierdie buis 'n lekker lang stok, want as jy so naby die vuur moet staan, sal jy verbrand — en wat word dan van die wors?

**'n Kookpot** is net so eenvoudig om te maak. Jy slaan met 'n spyker twee gaatjies teenoor mekaar net onderkant die boonste rand van 'n blik in. Buig nou 'n handvatsel van draad en sit die punte deur die gaatjies. Die punte van die draad word natuurlik omgebuig, sodat dit stewig vassit. Dan is dit nog net die kos wat in die pot makeer.

Oor veertien dae doen ons weer 'n bietjie blikwerk, so bêre die gereedskap maar netjies tot dan toe.

# BRIEF NR. 4

Boereseuns en -dogters,

Dis maklik om iets weg te gee wat ons self nie waardeer nie of waarvan ons graag ontslae wil raak. Maar om iets af te staan wat ons liewer sou wil hou, is moeiliker. Daarom is so'n gif ook van groter betekenis. Nou skat 'n mens niks so hoog as sy eie lewe nie. Daarom is dit so 'n verhewe daad van menseliefde as iemand sy lewe waag om 'n ander se lewe te red. Dit gebeur gelukkig selde dat ons voor so 'n groot beslissing gestel word. Gewoonlik is die offer wat geëis word, nie so groot nie. Miskien is dit maar 'n geringe vriendskapsbewysie wat van ons geverg word, so klein dat ons dit amper oor die hoof sien en sonder gewetenskwellings verder gaan. Dis so maklik om maar die oë of die ore te sluit en „anderkant verby te gaan". So 'n gewoonte moet ons nie aankweek nie, liewer moet ons *gevoelig bly vir ander se leed en moeilikheid, en altyd bereid wees om selfs teenoor die geringste hulpvaardig te wees.*

Niemand is 'n losstaande enkeling nie. Elkeen staan in sekere verbande of kringe. *Die eerste kring is die huisgesin.* Jy is 'n seun of 'n dogter van 'n Ouerpaar, jy het broers en susters. *Die gesin vorm 'n eenheid, van God daargestel.* Daarom het 'n gesin ook sekere regte. Die gesin het die reg om van elk van sy lede getrouheid en samewerking te verwag. Hulle moet mekaar se belange en goeie naam beskerm en bevorder. Watter reggeaarde kind sal dit verdra as sy Pa of Ma bespot of belaster word? Die kinders van 'n gesin mag onder mekaar hulle moeilikheidjies hê, maar bewaar die buitestaander wat jou sussie beledig of jou kleinboetie seermaak! So hoort dit, nie waar nie? Altyd 'n verenigde front teenoor die buitewêreld, die een die ander se hoeder en beskermer. As reël is tog my broer of my suster of my Ouers my naaste.

Ons kry wel gevalle waar 'n kind nêrens so ongeskik is as in sy eie huis nie. Daarbuite doen hy hom goed voor, is hy gediensting en gedwee, maar tuis is sy gedrag onuitstaanbaar. So 'n kind is vals, en vroeër of later kom hy met sy ware kleure voor die dag. Nee, nêrens kom 'n mens se karakter so duidelik uit as in sy eie huis nie. Die Engelse spreekwoord sê: „Charity begins at home". Tuis reg, alles reg.

*Boereseuns en -dogters, julle ouers, julle broers en susters het die eerste reg op julle. Daar moet julle diens en dienswaardigheid begin. As julle teenoor julle huismense in gebreke bly, hoe sal julle ooit jul land en volk kan dien?* Vir die huisgesin as geheel en vir elk van sy lede in die besonder geld ons leuse: „Een vir almal, almal vir elkeen."

DIE JEUGLEIER.

# 'n Voorstel

**Bygaande brief het ons van 'n Boereseun uit Gebied A ontvang. Die aanbeveling daarin vervat, behoort onmiddellik die ernstige aandag van elke Veldkornetskap te geniet. Opskud, Boerejeug!**

Geagte Jeugleier,

Die laaste paragraaf in die brief van die Paarlse Boeredogter, wat in die vorige Boerejeugblad verskyn het, het my veral geïnteresseer. Haar woorde: „As 'n mens nou net regtig lekker lees dan is ons kinderdeel klaar", het die meeste van ons seker al ondervind.

Ek is seker dat die redaksie ons meer ruimte sal toestaan, maar dan moet ons help. Ons kan nie verwag dat die Jeugleier alles moet skryf en ons net lees nie! Daarom is dit die plig van elke Veldkornetskap om iemand aan te stel wat as verslaggewer moet optree. Die persoon moet dan 'n verslag opstel van alle bedrywighede in sy afdeling — al is dit ook hoe nietig. Dit staan seker enigeen ook egter vry om uit sy eie bydraes na Hoofkwartier te stuur. Dink net daaraan hoe baie Boerejeugnuus daar net nie sal wees nie. Neem dus dadelik die pen en papier, skryf van die funksie wat julle gehou het of nog gaan hou en stuur dit aan Boerejeughoofkwartier. Ek is seker dat die redaksie ook nuwe gedagtes i.v.m. die blad self, met graagte sal ontvang.

### LAERTREKKE! !

Soos julle uit die amptelike kennisgewing sal opmerk, word daar gedurende die Oktoberskoolvakansie weereens twee laertrekke vir Gebiede C, D, E en F gehou.

As julle self nog nooit op 'n Boerejeuglaertrek teenwoordig was nie, vra maar vir die van julle kamerade wat reeds een bygewoon het, of dit werd is om te gaan. Laat hulle julle vertel van die lekker tentlewe, vlagparades, koskook, swem, veldwerk, wagstaan en bo-al die heerlike kampvure — man, daar is regtig iets lekkers vir jou! Ons is seker dat julle daarná nie sal wegbly nie.

Verdere besonderhede oor die twee laers kan julle van julle plaaslike offisier of Gebiedskwartier kry.

Gebied A en B, hou maar moed, julle kans kom gedurende Desember. Kry solank die eetgereedskap reg!

### OPSTELWEDSTRYD

Lede word daaraan herinner dat die opstelwedstryd oor die onderwerp „Die Boerejeug, Vanwaar en Waarheen", wat in ons uitgawe van 17 Julie aangekondig is, op 30 September sluit. Slaan weer daardie koerantjie na, as julle nog nie van die wedstryd weet nie.

*VAN HONGER GERED*



Duitse kindertjies wat deur die Ierse volk aangeneem en sodoende van 'n hongerdood gered is, word hier in 'n trein gesien onder toesig van 'n non. Toe die Afrikaanse volk aangebied het om dieselfde te doen, is dit deur die Unie-regering verbied.

# Nuwe Indiër-Hoof Dreig Teen S.A.

## *Swaai Self Septer oor Verworpenes*

**In 'n toespraak op die vooraand van sy bewindsaanvaarding, het Pandit Nehru, hoof van die tussentydse Indiese regering, wie se bewindsaanvaarding met groot onluste gepaard gegaan het, verklaar dat die Indiërs in Suid-Afrika die steun van nie alleen Indië het nie, maar dat dit 'n saak van die hele Asië is.**

Hy het verklaar dat die stryd in Suid-Afrika, in Indië of op internasionale vergaderings voortgesit sal word, daar dit om die eer van Indië gaan. Nehru het daaraan toegevoeg dat die stryd in Suid-Afrika nie slegs tot die Indiërvraagstuk beperk is nie, dit raak ook die hele Asië en uiteindelik ook die naturelle. Hy het die Indiërs in Suid-Afrika aangemoedig „om op enige moontlike manier met die naturelle saam te werk."

**Pandit Nehru sal ook die bewind voer oor byna 100 miljoen „onaanraakbares" — Indiërs wat in hul vaderland feitlik geen menslike regte besit nie. Hul kinders mag nie in openbare skole kom nie, hulle mag nie water uit openbare drinkplekke skep nie en dis 'n oortreding as hul skaduwee op die kos van 'n Hindoe val! Met die hulp van hierdie 100 miljoen seker ook, hoop Nehru om die Indiërs in Suid-Afrika te „bevry" van „politieke vooroordele" — en een-derde van die Suid-Afrikaanse Indiërs, synde afstammelinge van die „onaanraakbares", sal selfs geen menslike erkenning ontvang as hulle na Indië verhuis nie!**

### DUITSE VROUE IN VERPLIGTE SLAWEDIENS VAN BRITTE

**Die Britse besettingsowerheid is besig om die Duitsers in hul gebied te verkneg. Duitse huisbediendes wat in diens is van die vrouens van Britse offisiere, het soos die slawe in die ou tyd, geen reg om kennis te gee dat hulle uit diens wil tree nie. Hulle word teen hulle sin verplig om die vroue van hierdie offisiere te bedien.**

Van hierdie Britse vroue het verklaar dat hulle nog nooit voorheen so 'n weelde gesmaak het om bediendes in die huis te hê nie. **As die Britse vrouens nie met die werk van die Duitsers tevrede is nie, kan hulle egter onmiddellik, sonder enige kennisgewing in die pad gesteek word.**

Duitse meisies wat voor die oorlog welvarend was, moet hierdie Britse offisiertjies en hulle vrouens teen £2 of £3 per maand bedien.

# Kommuniste Opgelei In Gees Van Verraad

## *Bevinding van Kommissie*

**Dat die kommunis stelselmatig geleer word om sy eie vaderland af te speen en 'n lojale vyfde kolonner van Moskou te word, is die gevolgtrekking waartoe die kommissie van ondersoek na die onlangse Russiese spioenasie-ring in Kanada kom, volgens verslag in die Londense Times. Uit die verslag blyk duidelik dat die spioenasie hoofsaaklik deur die kommunistiese party met sy hulpgroepe gepleeg is.**

**Die bevinding is dat in alle gevalle behalwe een die Russiese agente bestaan het uit lede van of simpatiseerders met die Kommunistiese Party.** Daar is wetenskaplike „studiekringe" deur die Kommunistiese Party gestig in die vernaamste stede waar wetenskaplikes navorsing aan die gang was. Hierdie „studiekringe" was niks anders as Kommunistiese selle nie.

Die metode wat gevolg word is om simpatiseerders met die Kommunistiese ideale uit die vernaamste samelewingskringe te organiseer in studiekringe. Hulle verhouding tot die Kommunistiese Party word geheim gehou vir die publiek.

As gevolg van hierdie geheimhouding word die Kommunistiese Party in staat gestel om die beheer uit te oefen by die aanwysing van ampsdraers. Hierdie selle werk deur in alle belangrike vertakkings soos vakbonde, beroepsorganisasies, jeugbewegings, ens.

SAMESWERING

**'n Ander doel van die geheimhouding is om die lede op te voed in 'n atmosfeer van sameswering, sodat hulle geleidelik tot 'n geestelike toestand gebring word waarin hulle nie meer omgee om hul sedelike verpligtinge na te kom nie, soos by voorbeeld die handhawing van 'n eed van geheimhouding ten opsigte van die staat nie.**

„Die ontwikkeling binne die studiegroepe skyn te lei tot 'n verbreking van trou, daarna tot 'n gevoel van internasionalisme en uiteindelik tot aanvaarding van die kommunistiese leerstellings en leierskap as iets wat bo volksverpligtings verhewe is, wat op sy beurt weer lei tot 'n algehele onderwerping aan die party-beginsels en partyleiers."

Tot hoe 'n mate hierdie kommunistiese metodes doeltreffend is, blyk ook uit 'n berig in die Amerikaanse blad Time wat melding maak van 'n Meksikaanse kommunis, Diego Rivera, **wat openlik verklaar het dat hy en sy „mede-kommuniste" teen sy eie vaderland sal veg in geval van 'n oorlog tussen Rusland en Mexico. Hulle sal dan geen verraaiers wees nie, maar die regering sal verraaiers wees van die volk, lui sy betoog,** „aangesien Rusland die belange van alle werkers dwarsdeur die wêreld verteenwoordig, en my volk hoofsaaklik uit werkers bestaan."

### VYF PER DAG UIT STAATSDIENS

Indien die aantal bedankings uit die staatsdiens voortduur soos tans die geval is, moet die staatsdiens vroeër of later leegloop. In verskeie afdelings van die staatsdiens is daar reeds 'n breekpunt bereik. **In die afgelope nege maande het daar ongeveer vyf amptenare per dag bedank.** Die bedankings het nog steeds plaasgevind nadat die nuwe salarisskaal in werking getree het. Hierdie bedankingsyfer sluit nie die bedanking in die telegraafdiens, verdediging en polisie in nie. Sedert die begin van die jaar het 1,480 amptenare die diens opgesê. Uit 'n opgawe van vier van die afdelings van die staatsdiens blyk dat daar 2,466 vakatures is wat opgevul moet word.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

# Brief in Hof Gelees Van Kommuniste

## Sou Staking Beplan Het

**'n Algemene staking onder die naturelle-mynwerkers aan die Rand, wat na bewering deur die Kommunistiese Party georganiseer en beplan sou gewees het, is verlede week gedurende die verhoor van die 49 beweerde Kommuniste in Johannesburg in die getuienis geopenbaar, toe 'n brief waarop beslag gelê is in die kantoor van die Kommunistiese Party in die hof voorgelees is. Die saak spruit voort uit die onlangse staking van die naturelle-mynwerkers.**

Die brief wat voorgelees is, lui dat die planne vir die staking bespreek is en dat verskillende komitees benoem is om die staking suksesvol deur te voer. „Die distrikskomitee het die planne vir die staking deur ons nywerheidskomitee laat bespreek," lui die brief. **„Ons het ooreengekom om die veldtog en die staking langs die volgende weë te lei: Ons het onderkomitees saamgestel vir die organisasie, propaganda, finansies, voedsel en regsbystand." Dan word daar verskeie „kamerade" genoem wat verantwoordelik sal wees vir die werk.**

Die brief maak ook melding van strenge geheimhouding van die stakingsplanne en meld dat 'n vergadering belê sou word om die stakingsdatum aan die naturelle bekend te maak 'n dag voor die tyd.

**Daar is 'n rede . . .**

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

**VOLKSKAS BEPERK**

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA.